INSTRUKSIES VIR DIE AFLAAI VAN DIE NUWE AFFIE-TOEP

Jammer vir die ongerief wat van u onlangs ondervind het met die werking van die skool se toep (“app”).

Die rede hiervoor is dat die ontwikkelaars besig is om oor te skakel na ‘n nuwe platform wat vir die skool heelwat voordele gaan inhou. Dit sal ook meer gebruikersvriendelik wees wat ‘n verskeidenheid nuwe funksies insluit.

Die situasie met die toep is soos volg:

1. **ALLE** gebruikers gaan voor einde Januarie die nuwe progressiewe webtoep (Engels: “progressive web app”) moet aflaai. Die ou toep sal vanaf **1 Februarie 2020** nie meer beskikbaar wees nie.
2. U moet op Android- of Apple-fone as volg te werk gaan:
   Stap 1: Gaan na die skakel *kzrc4yoi.apped.co.za*
   Stap 2: Stoor hierdie bladsy op u foon se hoofskerm (“Add to home screen”)
3. Die twee platforms sal tot einde Januarie parallel benut word; alle persone sal dus wel die kommunikasie vanaf die skool ontvang.
4. Alle modules op die nuwe toep sal nie onmiddellik geïmplimenteer word nie. Dit sal deur die loop van Februarie 2020 gedoen word.
5. U sal nie onmiddellik kan kies watter boodskappe u wil ontvang nie. Hierdie opsie sal so gou moontlik in Februarie aangespreek word. U gaan dus voorlopig *alle* kommunikasie ontvang.

Ons sien uit na die oorskakeling en vra egter u geduld in dié verband. Ons is oortuig dat die nuwe platform ‘n groot verbetering sal wees op dit wat ons tot dusver kon doen op die huidige toep.

Byvoorbaat dankie vir u samewerking

Vriendelike groete.

WE Brown
(Bestuursadministrasie)